

# ONS FINANSIËLE KAPITAAL



Ons vermoë om ons inkomstes en uitgawes effektief te bestuur, is die sleutel tot die handhawing van finansiële gesondheid en stabiliteit sodat ons ons kernbedrywighede, strategiese inisiatiewe en langtermyn doelwitte kan ondersteun.

## Belanghebbers wat sal voordeel trek

Finansiële stabiliteit bevoordeel al ons belanghebbers. Dit stel ons in staat om klasgelde bekostigbaar te hou, ons personeel mededingende en billike vergoeding te bied, en aan donateurs en die DHOO te demonstreer dat ons finansiële dissipline toepas.

## Wesenlike aangeleenthede (doelwitte of instaatstellers) betrokke

Instaatsteller 4, finansiële stabiliteit, is die hoeksteen vir die bereiking van al ons strategiese doelwitte, insluitend akademiese uitnemendheid, infrastruktuurontwikkeling en gemeenskapsbetrokkenheid.




## Risiko's om in ag te neem

Verskeie risiko's in die hoërsonderwyssektor kan ons finansiële stabiliteit beïnvloed, insluitend onsekerhede rondom studentegelderegulering en veranderings aan die NSFAS-befondsingsmodel.

Ons gaan voort om hierdie risiko's te monitor en aan te spreek deur ons omvattende finansiële risikobestuursraamwerk en Finansiële Impakmodel.

Ons beoefen streng finansiële dissipline in die beplanning, bestuur en investering van ons finansiële kapitaal, wat ons in staat gestel het om befonding vir beide operasionele behoeftes en strategiese kapitaalprojekte te bekom.

## Wesenlike aangeleentheid:



### Verseker die finansiële volhoubaarheid van die NWU

Ons beplan en bestuur ons finansies goed en ken hulpbronne toe om ons kernbesigheidstrategieë te ondersteun, wat van kritieke belang is vir ons langtermyn finansiële volhoubaarheid.

Ons stel 'n gedetailleerde drie jaar deurlopende begroting op en versterk voortdurend ons finansiële risikobestuur. Ons inkomstevoorspellings is realisties en ons begroot vir bekostigbare uitgawes deur gebruik te maak van goedgekeurde beginsels. In die berekening van die hoëvlak-begroting neem ons die finansiële gesondheidsaanwysers van die DHOO en die NWU se 2024-begroting kontantvloei-onkosteverhoudings in ag:

- Personeelkoste as 'n persentasie van inkomste
- Bedryfskoste as 'n persentasie van inkomste
- Kapitaalkoste as 'n persentasie van inkomste

Meer inligting oor die begrotingsproses kan in die [finansiële oorsig](#) gevind word.

### » Finansiering van ons strategiese inisiatiewe

In 2024 het ons voortgegaan om finansiële kapitaal te rig op die finansiering van belangrike strategiese inisiatiewe, veral dié wat akademiese innovasie, infrastruktuurontwikkeling en gemeenskapsbetrokkenheidsprogramme ondersteun.

Lees meer omtrent hierdie strategiese projekte in die afdeling oor [ons strategie](#).

| Strategiese fondse toegewys per doelwit/instaatsteller |                                |                 |
|--------------------------------------------------------|--------------------------------|-----------------|
| JPP-skakel                                             | Randwaarde van toewysing R'000 | % van toewysing |
| Doelwit 1                                              | 33 931 680                     | 38%             |
| Doelwit 2                                              | 1 900 311                      | 2%              |
| Doelwit 3                                              | 12 297 369                     | 14%             |
| Doelwit 4                                              | 8 885 493                      | 10%             |
| Doelwit 6                                              | 19 382 248                     | 14%             |
| Doelwit 1 en 2                                         | 19 382 248                     | 22%             |
| <b>Groottotaal</b>                                     | <b>95 779 349</b>              | <b>100%</b>     |

### » In die nabye toekoms: geleenthede en uitdagings wat betref die implementering van ons strategie

Ons is deeglik bewus van die eksterne befondsingsuitdagings en -geleenthede in hoër onderwys, en hou veranderinge in die sektor noukeurig dop sodat ons daarby kan aanpas.

Ons interne strategie is om ons geldstrome te diversifiseer en te optimaliseer, bedryfskoste-effektiwiteit te verbeter, ons infrastruktuur optimaal te gebruik en kontantvloei te bestuur.

Die belangrikste eksterne uitdaging is die hoëronderwysbefondsingsmodela. Ons sal voortgaan om nou met die DHOO saam te werk om te verseker dat die NWU 'n volhoubare, hoogs presterende instelling in 'n stabiele hoëronderwyssektor bly.

### » Vooruitsig: hoe om finansiële volhoubaarheid te handhaaf

Ons erken dat die finansiële volhoubaarheid van die NWU intrinsiek gekoppel is aan die breër gesondheid van die hoëronderwyssektor. Daarom bly ons gefokus op langtermyn, volhoubare finansiële strategieë wat ons vermoë verseker om betekenisvol tot die Suid-Afrikaanse ekonomie en samelewing by te dra.

#### RAADSVERKLARING OOR LENINGS



Die NWU het nie enige nuwe langtermynleningsooreenkomste aangegaan in 2024 nie.

**Goedgekeur deur die Raad se Uitvoerende Komitee op 26 Junie 2025 (met 'n mandaat van die Raad op 19 Junie 2025).**

